

Nico Koopman
Dekaan van die Fakulteit Teologie
Professor van Sistematiese Teologie
Universiteit van Stellenbosch
nkoopman@sun.ac.za

Romeine 12 verse 1 tot 8

Tema: Die Gees laat ons lyk soos die wêreld van die Onse Vader-gebed

Ons almal honger na 'n nuwe samelewing, 'n samelewing soos die een waarvoor ons pleit in die Onse Vader-gebed, 'n samelewing van menswaardigheid, 'n samelewing dus waar mense ervaar:

Ons is nie alleen en verworpe en uitgesluit nie. Ons word aanvaar. Ons behoort. Ons behoort aan ons hemelse Vader. Ons behoort aan mekaar. Ons behoort aan die skepping;

'n Samelewing waar mense ervaar ons gaan nie wees deur die lewe nie. Ons het 'n hemelse Vader wat sorg, 'n hemelse Moeder wat koester, 'n hemelse Ouer wat omgee.

'n Samelewing waar mense ervaar ons dra 'n Naam, die Naam van die drie-enige God wat vir ons sê ons het menswaardigheid, en niemand kan ons menswaardigheid wegneem nie.

'n Samelewing waar mense ervaar daar is vrede en heelheid, vrede wat rus in geregtigheid, vrede wat gestalte kry in vreugde.

'n Samelewing waar mense ervaar die hel verdwyn en die lewe word hemels.

'n Samelewing waar mense ervaar daar is brood en versorging vir almal, in ons daaglikse en aardse behoeftes en nood.

'n Samelewing sonder verwyte en byt en stryd en dreiging, maar 'n samelewing waar almal voel ons leef as vergeefdes en vergewendes.

'n Samelewing waar ons vry is, vry van die bose in al sy vorme.

'n Samelewing waar ons ervaar mense is opmerkzaam en mense skenk aandag aan mekaar se lief en leed, vreugde en smart.

'n Samelewing waar ons ervaar ons leef sonder angs en arrogansie, maar met die kalmte van geloof, die vreugde van hoop, die uitnemendheid van liefde, hoekom – want aan ons se Here behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, vir altyd en vir seker! Amen!

Ja, ons honger na die samelewing van die Onse Vader-gebed. En die goeie nuus is. Die Gees laat ons deel kry aan hierdie samelewing. Die Gees laat ons die geskenk van die nuwe samelewing oopmaak. Die Gees laat ons die geskenk gebruik. Die Gees laat ons die geskenk geniet. En dit

doen die Gees op 'n besondere manier.

Die Gees laat ons die nuwe samelewing van die Onse Vader ervaar en geniet deur ons denke te vernuwe. Die Gees bewerk metanoia in ons. Die Gees bewerk bekering in ons. Metanoia beteken letterlik die Gees gee ons nuwe denke. Metanoia beteken ons denke word vernuwe, die prentjies waarmee ons leef word vernuwe. Ons manier van kyk word vernuwe. Ons oë word vernuwe. Ons oë kyk nie meer na die wêreld nie. Ons draai ons oë na Jesus.

Die Gees doen drie dinge met ons manier van kyk, soos die Engelse lied dit verwoord. *The Spirit turn our eyes upon Jesus, fix our eyes upon Jesus, keep our eyes upon Jesus.*

Die Gees laat ons ons oë na Jesus toe draai. Metanoia. Ons kyk nuut. Ons kyk weg van die wêreld se saligmakers en heilande. Ons kyk weg van onself. *We turn our eyes upon Jesus.* Ons kyk weg van politici. Ons kyk weg van verkeerde vriende. Ons kyk weg van mag. Ons kyk weg van verkeerde genot. Ons kyk weg van geweld. Ons kyk na Jesus toe. Jesus alleen is Saligmaker. Hy maak ons salig en troos en verlos ons. Jesus alleen is Heiland. Hy alleen bring heil in hart en huis.

Ons ervaar die Onse Vader se lewe daar waar ons metanoia beoefen, daar waar ons ons oë na Jesus toe draai. En daarmee help die Gees ons.

Metanoia beteken ook *we fix our eyes upon Jesus*. Ons fokus op Jesus. Ons skenk aandag aan Jesus. Ons konsentreer op Jesus. Met al ons sintuie fokus ons op Jesus. Onder meer in die nagmaal sien ons Hom, ruik ons Hom, raak ons aan Hom, proe ons Hom, hoor ons Hom. En ons sien en smaak dat die Here goed is. Hierdie Here is goed. Hy sterf vir dit waarvoor Hy bid. Op Golgota maak Hy die deur op dat die lewe sal lyk soos die lewe waarvoor Hy ons leer bid in die Onse Vader-gebed. Hierdie Heiland en Saligmaker laat die samelewing van die Onse Vader werklikheid word. En sy Gees laat ons op hierdie Jesus fokus. Slegs Jesus is die Weg na die nuwe lewe. Waar Christene, ek en u, metanoia beoefen, nuut kyk na Jesus kyk, daar kom die nuwe lewe, die lewe van ons gebede.

Metanoia beteken *we keep our eyes upon Jesus*. Die nuwe lewe talm om te kom. En ons kan begin twyfel of dit hoegenaamd gestalte sal kry. Dis dan nou al 2000 jaar nadat Jesus gesterf het vir hierdie nuwe lewe. Maar tog weet ons die nuwe kom in Christus. Ons kry voorsmakies van die nuwe. En ons wag op die nuwe. Ons wag saam met hulle wat ons vooruitgegaan het. Ons wag met vroeëre geslagte. Ons wag met huidige geslagte. Ons wag met volgende geslagte. Ons is haastig vir die nuwe lewe, maar ons wag ook op die Here. Ons leef tegelyk met haastigheid en wag. *We live with the hastening that waits.* Ons is tegelyk haastig dat die nuwe lewe moet kom, en ons wag op die Here daarvoor.

Keep your eyes upon Jesus. Volhard. Persevere. Dit beteken ons doen drie dinge: Ons bid aanmekaar vir die nuwe. Ons werk aanmekaar vir die nuwe deur getuienis en diens. En ons wag op die Gees om die nuwe volkome in vervulling te laat gaan.

Die Gees van pinkster is God aan die werk op drie plekke – in elke mens – in die kerk – in die wêreld. Die Gees help individue om ons oë na Jesus te draai. Die Gees help die kerk in als sy

forme om ons oë na Jesus te draai. Die Gees help die wêreld om hul oë na Jesus te draai, en om dit op Jesus te fokus en om dit op Jesus te hou. En waar dit gebeur kom die nuwe lewe, die Onse Vader se lewe, in elke hart en elke huwelik en elke huis, in die politiek en ekonomie, in die skool en universiteit, in die hospitaal, in die kuns en kultuur, in die natuur, op haas elke lewesnterrein.

Bidders van die Onse Vader, kom ons maak die geskenk oop wat die Here gee. Kom ons pleit elke oomblik by die Gees om ons te help om die geskenk oop te maak, om dit te gebruik, om dit te geniet, 'n hemelse lewe hier op aarde, 'n lewe van behoort en sorg, 'n lewe van menswaardigheid en vrede en geregtigheid en vreugde, en brood, en vergifnis, en verlossing en angsvryheid en heerlikheid tot in ewigheid, vir altyd, verseker.

Amen.